DOE/004/0028/5 ND

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

**Financial Sustainability**

Without government support no South Afican university will be in a position to continue its work. If we are to train future leaders and educators the government will have to increase its support.

**Implikasies vir die staat**

Die staat se befondsing sal in alle waarskynlikheid meer akkommoderend teenoor studente moet intree.

Die begrote subsidies wat na die tersiêre inrigtings vloei moet verhoog of dieselfde bly om te keer dat kostes vir opvoeding in tersiêre inrigtings nie buitensporig hoog styg nie.

Rentevrye lenings moet aan behoeftige studente in agtergeblewe gemeenskappe beskikbaar gestel word.

Samestelling van lenings kan as volg wees:

1. 90 % lening aan eerstejaarstudente
2. 90 % lening aan tweedejaarstudente
3. 90 % lening aan derdejaarstudente

Die student of betrokkene moet ten minste 10 % van die koste dra. Byvoorbeeld as 'n jaarlikse lening van R15 000 per jaar toegeken word, dra die student R1 500 per jaar.

4. 80 % lenings moet aan Honneursstudente beskikbaar gestel word om studente aan te moedig om hom/haar verder te kwalifiseer. Die maatreël moet die student aanmoedig om die Honneursstudie op 'n

   deeltydse basis te bedryf en terselfdertyd ekonomies aktief te wees.

Die lenings aan studente moet slegs strek tot op Honneursvlak met geringe uitsondering vir verdere nagraadse studie.

Vlakke wat in die Natuurwetenskaplike rigting bedryf word moet 100 % lenings ontvang.

Die terugbetalingsperiode van lenings moet oor 5 jaar geskied.

Indien 'n student druip, moet die geleentheid nogsteeds bly staan om studies voort te sit.

Indien 'n student die betrokke kursus opskop, is die lening onmiddellik terugbetaalbaar.

Universiteite moet vir die volgende 20 jaar op 'n kwotastelsel befonds word. Hoe hoër die persentasie behoeftige studente, hoe hoër moet die subsidies word.

15 % behoeftige studente -> 65 % subsidie aan UV
20 % behoeftige studente -> 70 % subsidie aan UV en voorts tot op vlak van 95 % subsidie

Namate die studentegemeenskap meer verteenwoordigend raak van die breë RSA gemeenskap, kan die subsidie stabiliseer met 'n maksimale vlak van 95%.

Die leningsproses moet vir die volgende 20 jaar ingestel word om ten minste 6 jaargroepe vanaf die eerste jaar tot die derde jaar die geleentheid te bied om hulle studies te voltooi.

Die leningsisteem moet deur die Streeksregering bestuur word om noue kontak met die tersiêre instelling op streeksvlak te bewerkstellig.